

HOOFSTUK 3

HISTORIESE MOMENTE WEERGEGEE BY WYSE VAN EKSEMPLAARMODELLE WAT DIE AARD EN DIE VERLOOP VAN OUERBETROKKENHEID IN SEKERE TYDPERKE ILLUSTRER

3.1 INLEIDING

Vervolgens sal in hierdie hoofstuk gepoog word om sekere momente wat die aard en verloop van ouerbetrokkenheid in die geskiedenis illustreer, te identifiseer.

Soos in hoofstuk 1 (vergelyk 1.2) aangedui, gaan daar in die bestudering van die navorsingsprobleem van die volgende essensies gebruik gemaak word: Onvoorwaardelike aanvaarding (van die kind deur die ouer), beskikbaarheid (van die ouer), skep van 'n geborgenheidsruimte en die ouer as kultuurdraer.

Die eksemplare wat gekies word om sekere tydperke te belig ten opsigte van ouerbetrokkenheid is van belang omdat dit lig kan werp op die verloop en aard van ouerbetrokkenheid en moontlike aanknopingspunte vir 'n verantwoordbare praktyk in die blanke primêre skole in die RSA kan bied.

Uit die geskiedenis van die oudste kultuurvolke wat rondom die Middellandse see gewoon het kan die invloed op die Westerse beskawing in sy wordingsgang duidelik bespeur word. Van hierdie kultuurvolke wat afsonderlik sowel as gesamentlik 'n invloed op die Westerse kultuur en dan meer bepaald op die opvoedende onderwys uitgeoefen het gaan ondersoek word.

Die keuse van die Griekse, Romeinse, Vroeë Christelike, Middeleeuse en die Hervormingstydperke is geneem as gevolg van die historiese gewig wat opvoedende onderwys en ouerbetrokkenheid in dié tydperke dra.

Die afbakening van die kulture in bepaalde tydperke mag nie die gedagte laat ontstaan dat hierdie tydperke apart van mekaar bestaan nie. Geen periode kan geïsoleer word ten opsigte van die invloed wat dit op die tydperk wat volg uitgeoefen het nie.

Verder word hierdie tydperke ondersoek omdat verskeie outeurs wat gesaghebbend is op die gebied van opvoedende onderwys en veral vanuit 'n historiese perspektief gesien, die bogenoemde tydperke as van die belangrikste beskou. Outeurs soos J. Chris Coetzee (1958), P. Pistorius (1978) asook S.J. Curtis en M.E.A. Boulwood (1970) beskou die genoemde tydperke as belangrik in die historiese verloop van die opvoedende onderwys.

Filosowe en opvoedkundiges van die onderskeie tydperke wat 'n bepaalde invloed uitgeoefen het op die opvoedende onderwys sal aan die orde kom as eksemplare vir die spesifieke tydperk.

Die tydperke wat in hierdie hoofstuk ondersoek word, strek slegs tot by die Hervormings-tydperk. Die lyn in verband met die geskiedenis van ouerbetrokkenheid sal verder in Hoofstuk 4 in die Amerikaanse onderwysstelsel as eksemplaar deurgetrek word.

3.2 DIE GRIEKE AS EKSEMPLAAR

3.2.1 Kultuurhistoriese agtergrond

Die Griekse opvoeding kan in drie fases ingedeel word. Die vroeë fase is die Homeriese opvoeding, wat vir alle Grieke gegeld het en wat geduur het vanaf 1000 v.C tot omstreeks 776 v.C. Na hierdie tydperk word die Spartaanse opvoeding en die Atheense opvoeding as hoofstrominge in die Griekse opvoeding onderskei. Beide hierdie opvoedingstydperke loop met die vernietiging van die Griekse Ryk in 338 v.C ten einde. Die Spartaanse en Atheense tydperke wat in die navorsing ondersoek word, was dus dieselfde tydperk (Coetzee, 1958a:41).

Om die Westerse beskawing se historiese ontwikkeling te begryp, mag die grondbetekenis van die ou Griekse kultuur en opvoeding nie uit die oog verloor word nie. Die wysgerige en opvoedkundige opvattinge van die Westerse beskawing het eintlik in die ou Griekse kultuur en opvoeding hul oorsprong gehad. Hul denke het beslis 'n invloed op die Westerse kultuur en dan meer bepaald op die opvoedende onderwys gehad (Coetzee, 1958a:39).

Aangesien die Spartaanse en Atheense opvoeding en by implikasie ook die ouer se betrokkenheid by die kind se opvoedende onderwys in baie opsigte van mekaar verskil, sal daar deurgaans gepoog word om die verskille ten opsigte van hulle benadering aan te toon met die oog op identifisering van tendense in die tydperke wat moontlik lig kan werp op die navorsingsprobleem.

3.2.2 Onvoorwaardelike aanvaarding

Die Spartane het nie hulle kinders onvoorwaardelik aanvaar en dienooreenkomstig opgevoed nie. Slegs Spartaanse kinders wie se ouers oor burgerregte beskik het, was bevoorreg om onderrig te word. Sieklike en gebrekklike kinders is van die opvoeding uitgesluit en dikwels doodgemaak (Pistorius, 1978:33).

In Sparta was daar 'n merkbare verskil tussen die opvoedende onderwys van die seuns en dogters. Die seun se opvoeding was daarop gemik om van hom 'n soldaat te maak, terwyl die dogter opgevoed is om die moeder van toekomstige soldate te word. In 'n mate is die Spartaanse kind deur sy ouers eensydig opgevoed wat daarop dui dat die kind se individualiteit misken is. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat die staat as samelevingsverband die plek van die ouer probeer inneem het ten opsigte van die kind se opvoedende onderwys (Pistorius, 1978:33).

In teenstelling met die Spartane, was die opvoedende onderwys by die Atheners 'n private saak en dit is deur die huisgesin en die skool onderneem. Daar was oor die algemeen aanvaarding van die kind en die seuns en dogters is saam grootgemaak in hul ouerhuise. Na die eerste sewe jaar is hulle, wat hulle opvoeding betref, van mekaar geskei. Die dogters is afgesonder in hul ouerhuise waar hulle onderrig is in die huishouding, terwyl die seun daarenteen, van sy sewende jaar af onder toesig van 'n ou slaaf, verskillende skole besoek het om onderrig te word (Pistorius, 1978:35).

Tydens die Spartaanse tydperk het die ouers 'n nuwe baba nie onvoorwaardelik aanvaar nie. Die baba is amptelik deur 'n raad van burgers ondersoek en indien wangeskape of swak, is daar geweier dat die kind grootgemaak word. Omdat volle burgerskap en liggaamlike volmaaktheid by die Spartane groot gewig gedra het, was die kind blootgestel aan die natuurelemente om te sterf (te vondeling gelê) indien hy nie aan die vereistes voldoen nie (Bardis, 1964:167).

Soos by die Spartane het die Atheners ook die pasgebore kind ondersoek, maar dit het by die vader en nie die staat (leiers van dorpe) nie berus of die kind aanvaarbaar was of te vondeling gelê sou word. Drie seremonies het die erkenning of aanvaarding van die kind gekenmerk. Die eerste een het vyf dae na die geboorte plaasgevind, waar die kind in die teenwoordigheid van omstanders in die huis rondgedra is. Die seremonie is gevolg deur 'n fees wat die teken was dat die kind in sorg van die familie gode geplaas is. Op die tiende dag het die vader van die kind hom 'n naam gegee wat daarop dui dat hy die kind formeel as sy eie aanvaar en onderneem om hom op te voed. By aanvaarding word

die kind se naam opgeneem in die familieregister en kan hy strewe na burgerskap en mag hy van sy ouers erf (Cubberley, 1920:25).

Onder leiding van Plato (427-347 v.C) en Aristoteles (384-322 v.C) is daar in Athene aandag daaraan gegee om seuns as unieke wesens te aanvaar en sodoende te waardeer (Meyer, 1975:37).

Plato (1902:215) het al in dié tydperk daarop aangedring dat die individualiteit of uniekheid van die kind erken en aanvaar word. Deur Plato se toedoen was individuele onderwys wat geskoei was op die kind se natuurlike aanleg en nie op sy familiestatus nie aan die orde, daarom het aanvaarding van die kind in 'n sekere mate tot sy reg gekom. Tog is al die gedagtes van Plato (1953:627) daarop gerig dat die individu sy uniekheid moes inspan tot voordeel van die staat (Brubacher, 1966:103; Eby *et al.*, 1949:371).

Plato (1902:215,222 en 1952:452) was van die eerste filosowe wat die vrou as 'n unieke en individuele mens aanvaar het. Volgens hom moes daar geen onderskeid getref word tussen die twee geslagte nie en hulle kwaliteite was gelykstaande sover dit die aktiwiteite van die staat aangaan.

3.2.3 Beskikbaarheid van die ouer

By die Spartane (800-338 v.C) was daar een allesoorheersende opvoedingsdoel, naamlik die opleiding van die individu tot krygskundige geskiktheid. Daarom het die staat dit van die ouers, veral van die moeders, vereis om gedurende die eerste sewe jaar van die kind se opvoeding beskikbaar te wees. Na die eeste sewe jaar het gesinsopvoeding nie meer bestaan nie. Die kinders is dan in staatsbarakke onder toesig van 'n staatsamptenaar (*paidonomos*) geplaas (Coetzee, 1958a:43).

In teenstelling met die Spartane, was opvoedende onderwys by die Atheners (800-480 v.C) deur die huisgesin en die skool onderneem, terwyl die staat slegs toesig gehou het. Staatsopvoeding het eers 'n aanvang geneem sodra die seun sestien jaar oud was. Die ouer was dus vir die kind beskikbaar in sy vormingsjare, vanaf geboorte tot met sy sewende jaar. Namate die kind ouer geword het, het die ouer die kind meer en meer in die hande van ander persone gelaat om sy opvoedende onderwys te behartig (Pistorius, 1978:35).

Gedurende die eerste sewe jaar van die Spartaanse kind was die seun tog redelik baie in die teenwoordigheid van die vader wanneer hy hom vergesel het na die klubhuis. Hier kon die seun wat op die vloer gesit en speel het geleentheid kry om waar te neem wat

die mans in die geselskap met mekaar bespreek (Eby, 1949:205). Daar was ook sprake van versuim van die vaderlike plig as die vader sy seun aan homself oorgelaat het terwyl hy aandag skenk aan ander sake soos politiek en militêre aktiwiteite (Marrou, 1956:31).

In Athene is die seun tot sy sewende jaar deur moeder, vader en oppasser tuis opgevoed en daarna (tot sy sestiende jaar) aan die sorg van 'n getroue slaaf toevertrou. Vanaf sy sestiende jaar het die Atheense seun staatsopvoeding ontvang. Die Atheense ouers se beskikbaarheid ten opsigte van hul seun se opvoedende onderwys het geleidelik afgeneem namate die seun ouer geword het. Omdat die Atheense dogter se opvoeding gemik was op haar huishoudelike pligte het sy feitlik haar lewe binnenshuis deurgebring. Dit is logies om die afleiding te maak dat die moeder deurentyd vir haar dogter se opvoedende onderwys beskikbaar was (Tucker, 1907:102).

Die gesinslewe is in Sparta sterk deur die openbare aktiwiteite van die vader beïnvloed. Hulle militêre aktiwiteite het ook min ruimte vir 'n huislike lewe gelaat. Omdat die seun vanaf sy sewende jaar uit die gesin onttrek is, is die beskikbaarheid van die vader tot 'n minimum beperk (Freeman, 1909:282).

Die Spartaanse moeder daarenteen was bekend vir haar vermoë om te alle tye beskikbaar te wees om die kinders te versorg. Sy het haar kinders vir die eerste sewe jaar deur liedere, sang en dissipline geleer om gehoorsaam en dapper te wees (Freeman, 1909:13).

Die invloed van Plato, een van die grootste Griekse filosowe van dié tydperk, kan in verband met ouerbetrokkenheid nie onderskat word nie. Plato het reeds in hierdie tyd dit op hom geneem om die delikate probleem van ouerbetrokkenheid te berde te bring. Hy het ook aangevoer dat 'n seun sy eerste treetjie gee in die rigting van selfstandige ontwikkeling onder die waaksame oog van sy ouers. Kinders moes deur die ouers onderwys word en nie in ambagte opgelei word nie, maar as nuttige burgers van die staat (Plato, 1953:643e; Meyer, 1975:19,37).

Plato het in verskeie van sy boeke by implikasie verwys na die ouer se beskikbaarstelling ten opsigte van sy kind se opvoedende onderwys. Plato (1914:45D) voer aan dat ouers hul kinders moet ondersteun, opvoed en onderrig. Die idee van ouerlike beskikbaarstelling ten opsigte van die kind se opvoedende onderwys het Plato (1924:325 c en d) ook by die Atheense ouer probeer tuisbring.

Op 'n soortgelyke wyse het Sokrates (496-339 v.C) ook sy bydrae ten opsigte van ouerbetrokkenheid gelewer. In sy bydrae ten opsigte van ouerbetrokkenheid het hy in besonder

die ouer se beskikbaarheid beklemtoon. Hy was van mening dat 'n georganiseerde gemeenskap moes omsien na die menslike behoeftes soos skuling, kos en klere. Indien die gemeenskap dit sou aanvaar, kon dit lei tot 'n gemeenskaplike band van hulpvaardigheid tussen die ouer, ambagslui en winkeliers (Curtis *et al.*, 1970:6).

Volgens Plato speel oorerflikheid nie die enigste en bepalende rol in 'n kind se ontwikkeling nie, maar word die kind se ontwikkeling grootliks beïnvloed deur die omgewing wat vir hom geskep word. Die ouers moet hulle van die begin van die kind se lewe af beskikbaar stel om aan die kind spesiale aandag te skenk sodat hy na behore kan ontwikkel (Plato, 1953:643b,c; Curtis *et al.*, 1970:7).

Plato (1953:808 d) was verder ook van mening dat dit die ouers se verantwoordelikheid was om toe te sien dat hulle kinders teen dagbreek na hulle onderwysers toe gestuur word. Die beskikbaarheid van die ouers blyk uit die verantwoordelikheid wat hulle moes nakom.

Aristoteles was ook van mening dat 'n kind tydens sy eerste sewe jaar in die huislike opvoeding moet gedy. Die kinders moet in die tydperk so min moontlik in die bediendes se teenwoordigheid wees (Eby *et al.*, 1949:445). Die afleiding uit die voorafgaande kan gemaak word dat die ouer homself beskikbaar moet stel om die kind te lei in die opvoedende onderwys.

3.2.4 Skep van geborgenheidsruimte

Vir die Spartaanse kind was daar min sprake van gesinsopvoeding en die enigste huis wat hulle leer ken het was die staatsbarakke. Daar was nie vir die Spartaanse kinders in die ouerhuis 'n geborgenheidsruimte geskep sodat die kind tot volwassenheid gelei kon word nie (Pistorius, 1978:32).

Die Atheense seuns en dogters het daarenteen tot op sewejarige leeftyd in die ouerhuis grootgeword. Hierna is hulle, wat hulle opvoeding betref, van mekaar geskei. Die dogter is afgesonder in haar ouerhuis waar sy onderrig is in die uitvoering van huishoudelike pligte. Daarteenoor is die seun in die sorg van betroubare slawe geplaas om hom oral heen te vergesel, wat 'n groot vormende invloed op hom uitgeoefen het. Die manier van opvoeding het gelei tot 'n groter geborgenheid by die Atheense kind as wat dit die geval by die Spartane was (Pistorius, 1978:36).

Dat dit wat in die voorafgaande paragraaf beskryf is, altyd die ideale omstandighede was, is te betwyfel. Daar is ook bewyse dat daar weinig gekom het van 'n geborgenheidsruimte wat deur die ouers geskep moes word. Omdat die Atheense seun vanaf sy sewende jaar in die geselskap van 'n slaaf moes deurbring, was hy meer uithuisig as wat hy by die huis was. Die tye wat hy wel by die huis was, was daar ook min sprake van 'n huislike lewe. Van sy moeder het hy maar min gesien omdat sy in die vroueafdeling gebly het. Hierdeur was daar 'n gebrek aan geborgenheid binne sy familie en het hy hom meer geïdentifiseer met die burgers van die staat (Freeman, 1909:282).

Die Spartaanse familie was gerig op eiebelang wat die geborgenheidsbande verswak en sodoende die geborgenheid van die groep in gevaar gestel het. Die geborgenheidsruimte wat die familie moes skep is tot 'n minimum beperk. Die uitgangspunt dat elke manspersoon 'n vader en skoolmeester van alle Spartaanse seuns was, het ook hiertoe bygedra (Eby *et al.*, 1949:203).

Plato het baie geworstel met opvoeding. Die skep van 'n gunstige omgewing vir die kind het ook sy aandag in beslag geneem. Plato se mening was dat die kernprobleem van opvoeding die voorsiening van 'n gunstige omgewing vir die individu is. Sodra daar vir die mens 'n gunstige omgewing of 'n geborgenheidsruimte geskep word, maak hy dit sy eie en ontwikkel na wense (Curtis *et al.*, 1970:9).

Dit was Plato (1926:790c) se mening dat liefdevolle vertroeteling deur die moeder 'n invloed het op 'n kind se lewe. Volgens Plato het die daaglikse liefdevolle bemoeienis van die Atheense moeder met haar jong kind bygedra tot die geborgenheid wat hy beleef het.

Verder het Plato (1953:929) aangevoer dat daar ook regverdigde gesagsuitvoering moes plaasvind. Die hele familie moes betrek word en nie slegs die vaders nie. Die seuns moes geleentheid kry om ook hulle kant van die saak te stel indien hulle beskuldig is van oortredings. Slegs wanneer die meerderheid volwassenes die seuns skuldig bevind het, is die vaders toegelaat om die seuns die huis te verbied. Die demokratiese wyse van gesagsuitoefening kon beskou word as 'n skepping van 'n geborgenheidsruimte.

3.2.5 Die ouer as kultuurdraer

Die Spartaanse ouers het hulle by kultuuroordrag grootliks gewy aan die opleiding van die individu tot 'n krygskundige wat geskik was vir diens aan die staat in oorlogstyd. Cubberley (1948:22) gee Aristoteles se gedagtes hieroor soos volg weer: "Sparta prepared and trained for war, and in peace rusted like a sword in it's scabbard." Die Spartaanse ouers

het hul kinders, veral die seuns, op 'n partikuliere wyse in die tradisie van Sparta opgevoed (Plato, 1953:629).

Kultuuroordrag was by die Atheners gemik op die opleiding van staatsburgers deur die gebalanseerde ontwikkeling van liggaam en gees. Die ou-Atheners se ideale mens was die man van wysheid, in wie die hoedanighede van goedheid, waarheid en skoonheid verenig was (Eby, 1952:105).

Deel van die Spartaanse moeder se opvoeding was om haar kinders se verbeelding te vul met die heroïese dade uit die mitologie en die geskiedenis, sodat die deugde van respek en lojaliteit teenoor tradisie en bestaande gebruike ontwikkel kon word (Laurie, 1970:229).

Terwyl die Spartane onderwys is in vreesloosheid, soberheid, wysheid en geregtigheid het die latere Atheners persoonlike ontwikkeling en lewensgeluk nagestreef (Eby, 1952:105).

In die Atheense ouerhuis is die volk se tradisies aan die seun oorgedra. Die ouers het hom geleer hoe en wat om aan te trek, hoe om sy hare te kam, om manierlik te eet en om volgens tradisie te staan in die teenwoordigheid van ouer persone soos hul kultuur dit vereis (Eby *et al.*, 1949:273).

Die moeder van die Atheense dogter was verantwoordelik om die dogter se kultuuroordrag waar te neem. Sy moes toesien dat die dogter volgens tradisie reg eet om slank te bly. Die grimering het ook nie agterweë gebly nie en die moeder moes toesien dat van die dogter 'n Atheense vrou gemaak word (Eby *et al.*, 1949:283).

Die Atheense huisgesin het 'n belangrike invloed op die morele en godsdienstige vorming van die dogter gehad. Terwyl die seun na sy sewende jaar die meeste van sy opvoeding buite die gesin ontvang het, is die dogter se opvoeding in die gesin voortgesit tot met haar huwelik (Goodsell, 1934:109). Die Atheense ouers het deur hulle voorbeeld hulle kinders opgevoed in die geloof deur soggens en saans tot hulle gode te bid. Die aspek van kultuuroordrag is baie getrou deur die Atheense ouers nagekom (Plato, 1953:887d,e).

Die Atheense moeder het deur middel van die sing van wiegeliëdjies die klein kindjie aan die slaap gesus. In die Atheense gesin het die moeder baie sterk na vore getree as kultuurdraer deur aan die Atheense kinders hul taal en kultuur oor te dra (Mahaffy, 1896:52; Plato, 1953:653).

Patriargale families was tradisioneel van die Atheners en die Atheense ouers het hierdie tradisie so aan hulle kinders voorgeleef. Dié tradisie was volgens Plato (1953:680) die rigsnoer wat die ouers aan hulle kinders voorgehou het.

Plato se waarneming in verband met die ouers se kultuuroordrag tydens die Griekse Home-riese tydperk (1000 v.C tot omstreeks 776 v.C) het die uiteenlopendheid tussen die Spartane en die Atheners beklemtoon. Volgens Plato het die Spartane hulle ten doel gestel om die seuns deur middel van militêre opleiding sterk en hard te maak. Hy meen dat die Spartaanse seuns rof en ongekunsteld was. In teenstelling met die Spartane het die Atheners op die intellek en kultuuroordrag gekonsentreer in hulle opvoeding. Met die kultuuroordrag is 'n selfdissipline en stabiliteit ontwikkel (Curtis *et al.*, 1970:10; Plato, 1953:629, 642).

Sokrates sowel as Plato was van mening dat dit uiters belangrik was dat die kinders met die hulp van hulle ouers van jongs af die regte houding jeens godsdiens moes ontwikkel. Volgens hulle moes die jonger kinders deur middel van stories aan die gode bekend gestel word. Die ouers mag nie toegelaat het dat die gode belaster en van die kinders lafaards gemaak word nie (Boyd, 1962:42; Curtis *et al.*, 1970:11).

3.2.6 Evaluering

Uit die geskiedenis van die Grieke blyk dit dat daar min ooreenkomste was ten opsigte van die Spartaanse en Atheense ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys.

Alhoewel die Atheense gesinsopvoeding meer gebalanseerd was as die van die Spartaanse gesin, is die diens aan die staat ook by hulle vooropgestel. Die individu en die gesin het egter by die Atheners meer vryheid gehad as by die Spartane (Castle, 1961:63). Die vryer en hegte gesinsbande het die Atheense kind meer geborge laat voel as sy Spartaanse eweknie.

Alle Spartaanse kinders het nie onderwys ontvang nie; hierdie voorreg was alleen Spartane, wat oor burgerreg beskik het, beskore. Kinders is nie sonder meer deur die ouers aanvaar nie omdat gesinsopvoeding feitlik nie bestaan het nie en omdat die staat uitsluitlik verantwoordelik was vir die kinders se opvoeding. Slegs die Spartaanse dogters is toegelaat om by hul ouerhuse te bly om as toekomstige moeders van die volk opgevoed te word.

Tydens die latere Atheense periode het die samelewingsverbande soos die gesin, skool en staat betrokke geraak by die opvoedende onderwys van die kind. Tog kan die afleiding

gemaak word dat dit nie gegaan het oor die opvoeding van die kind nie, maar meer om staatsburgers te vorm.

Filosowe soos Plato, Aristoteles en Sokrates het elkeen invloed uitgeoefen op die gesindheid van die ouers met betrekking tot ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys in die tydperk. Die invloed was nie altyd so duidelik sigbaar in die tydperk nie, maar het gedurende latere tydperke meer sigbaar geword in die opvoeding. Plato, en in 'n mindere mate Aristoteles, het die belangrikheid van ouerbetrokkenheid besef, maar het wel invloed op die gewone Griek gehad in die sin dat hulle die Griekse volk van die dwaalleerstelling van die sofiste weggelei het (Castle, 1961:63; Van Vuuren, 1976:160).

3.3 DIE ROMEINE AS EKSEMPLAAR

3.3.1 Kultuurhistoriese agtergrond

Die Romeinse tydperk word ondersoek om die progressiewe ontwikkeling met betrekking tot ouerbetrokkenheid in die opvoeding van die kind te belig. Daar gaan ook gelet word op die tendense wat merkbaar is in hierdie tydperk wat moontlik van hulp kan wees by die manifestering van hedendaagse ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys.

Die geskiedenis van die Romeinse opvoeding val in twee groot tydperke uiteen, en die skeiding tussen die twee tydperke word gevorm deur die oorrumpeling van die Grieke deur die Romeine in 146 v.C. Daar is dus die vroeë of suiwer Romeinse opvoeding van 753 v.C. met die stigting van die stad Rome tot 146 v.C., en die latere Hellenistiese of Grieks-Romeinse opvoeding van 146 v.C. tot die val van die heidense Romeinse Ryk in omstreeks 530 n.C. (Van Vuuren, 1976:162).

As die twee tydperke in die Romeinse geskiedenis met mekaar vergelyk word, is daar ten opsigte van ouerbetrokkenheid by die opvoedende onderwys heelwat raakpunte, maar ook heelwat verskille. Daar gaan sover moontlik gepoog word om die verskille asook die raakpunte met betrekking tot ouerbetrokkenheid by die opvoedende onderwys aan te dui.

3.3.2 Onvoorwaardelike aanvaarding

Die vroeë Romeine het 'n hoë premie op die huwelik, die gesin en die status van die moeder geplaas. Hulle het eweneens die kinderversorging en opvoeding deur die moeder self hoog aangeslaan. Sodra die vroeë Romeinse vader sy bereidwilligheid betuig het om

sy kind as gesinslid te aanvaar, het die gemeenskap van hom verwag om volle verantwoordelikheid vir die kind se opvoeding te aanvaar (Kruger, 1983:36).

Tydens die ou-Romeinse tydperk het die kind 'n belangrike plek in die huisgesin beklee aangesien die familie deur religieuse bande as 'n eenheid saamgesnoer is. Die Romeinse kind is as 'n deel van die gesin aanvaar nadat hy 'n religieuse rite deurgaang het (Eby *et al.*, 1949:528).

In die latere Grieks-Romeinse tydperk, toe die gesinslewe begin verval het, is die kind in toenemende mate as 'n oorlas beskou. Dus het daar 'n koudheid ten opsigte van die aanvaarding van die kind as gesinslid ingetree (Kruger, 1983:36).

Gedurende die Grieks-Romeinse tydperk moes die ideaal van gebalanseerde volwassenheid voortdurend deur die ouers aan die Romeinse kind voorgehou word. In sy bespreking oor huisonderrig het Quintilianus (35-100 n.C) aan die ouers, veral aan die vaders, voorgeskryf om vanaf die kind se geboorte die hoogste verwagtinge vir hulle seuns te koester. Volgens hom sou hierdie verwagting die ouers inspireer om die kind onvoorwaardelik te aanvaar. Deur die aanvaarding sal die ouer meer aandag skenk aan die beplanning van sy kind se onderwys. Deur groter meeleving sal die ouer ook sy kind se uniekheid as individu aanvaar. Dié siening van Quintilianus is klaarblyklik nie deur die ouers van dié tydperk gedeel en daarom nie uitgeleef nie (Rusk, 1979:93).

Quintilianus (35-100 n.C.) het in die tydperk bepleit dat die eie identiteit van elke kind erkenning moes geniet. Volgens die pedagogiese kriterium van onvoorwaardelike aanvaarding was Quintilianus korrek deur aan te voer dat elke ouer met die kind moes handel volgens sy unieke individualiteit. Verder het hy ook sy strengste afkeer geheg aan liggaamlike straf wat in die tydperk aan die orde van die dag was. Liggaamlike straf was volgens Quintilianus net vir slawe bestem. Dit was afkeurenswaardig en 'n belediging vir die kind se menswaardigheid. Quintilianus se siening is ook nie in dié tydperk deur die ouers uitgeleef nie (Curtis *et al.*, 1970:60).

3.3.3 Beskikbaarheid van die ouer

Dit was gebruik in die ou-Romeinse tydperk dat die seun sy vader vergesel in sy daaglikse roetine en sodoende het hy uit sy vader se optrede geleer. Terwyl die seuns prakties onderrig in boerdery en militêre lewenswyse ontvang het, is die dogters deur hulle moeders in huiswerkorganisasie onderrig (Curtis *et al.*, 1970:47). Hieruit kan afgelei word dat die

ouer wel beskikbaar was om aan sy kind opvoedende onderwys te verskaf in die ou-Romeinse tydperk.

Gedurende die ou-Romeinse tydperk was die hele onderwys van die kind georganiseer met die huis as uitgangspunt terwyl daar in die Grieks-Romeinse tydperk 'n vaste onderwysstelsel ontwikkel is. In die Grieks-Romeinse tydperk was die ouer beskikbaar vir sy kind se opvoedende onderwys tot met sy sesde jaar. Vanaf sy sewende jaar moes die seun skool toe, en was daar dus minder geleentheid vir die ouer om by sy kind se opvoedende onderwys betrokke te raak (Coetzee, 1958a:66).

In ooreenstemming met die Griekse opvoeding was die huisgesin nie meer die kern van die Grieks-Romeinse lewe en opvoeding nie. Die jonger Pliny, 'n leerling van Quintilianus, het in verband met die ouer se beskikbaarheid gekonstateer dat elke kind onderrig moes word deur sy eie vader. Die kind wat nie 'n eie vader gehad het nie moes deur die oues en die vername inwoners bygestaan word (Curtis *et al.*, 1970:47). Indien die ouer weens omstandighede nie beskikbaar kon wees vir die kind se opvoeding nie, moes die gemeenskap sy deel bydra tot die kind se opvoedende onderwys. Dit blyk dat die ouers van die Grieks-Romeinse tydperk nie die siening met hom gedeel het nie.

Skole het die taak van die ouers begin oorneem, deels omdat die skole beter toegerus was vir opvoedende onderwys. 'n Traagheid wat by die ouers ingetree het om hulle verantwoordelikheid as opvoeders na te kom het ook bygedra tot die onbetrokkenheid (Goodsell, 1923:148).

Quintilianus het duidelike riglyne opgestel in verband met ouerbetrokkenheid. Hy voel ook sterk daaroor dat ouers altyd by die opvoedende onderwysgebeure betrokke moet wees. Al is die ouers nie opvoedkundiges nie, het hulle 'n ouerlike verantwoordelikheid om hulself beskikbaar te stel wat die kind se opvoeding betref (Power, 1969:91).

3.3.4 Skep van geborgenheidsruimte

Volgens die ou-Romeinse lewenswyse was die opvoeding 'n gesinstak en het die kind dus oor die algemeen in die geborgenheid van die gesin grootgeword (Brubacher, 1966:509).

Ook het die ou-Romeinse baie aandag geskenk aan die strenge lewensdeugde van die goeie Romeinse man en vrou; die pater familias (vader) was die godsdienstige hoof en as priester van die familie was dit sy heilige plig om die familiekultus te onderhou en die moeder het hom getrou bygestaan (Cronje *et al.*, 1958:90). Die Romeinse huis was dus

omskep in 'n geborgenheidsruimte waarin die kind opgevoed is tot 'n verantwoordelike volwassene.

Gedurende die vervaltyd van die Romeinse opvoeding het die ouers se invloed afgeneem en het die Griekse pedagoë hul invloed sterk maar nadelig in sommige gevalle laat geld. Die Romeinse gesinslewe het begin verval en die kinders is in 'n toenemende mate deur die ouers as 'n las beskou (Kruger, 1983:35). In die tydperk van die Grieks-Romeinse periode het daar blykbaar min gekom van die skep van 'n geborgenheidsruimte in die huisgesin.

Quintilianus was van mening dat die kind altyd die ouer se verantwoordelikheid bly – al is die ouers nie opvoedkundiges nie, moet hulle in beheer van die kind se opvoeding bly. Die ouers moet nie die kinders onbewaak laat nie maar vir hulle 'n geborgenheidsruimte skep waarin hulle kan groot word. Verder beklemtoon hy ook die belangrikheid van opvoeding deur die ouer en benadruk die gelykwaardige rolle wat albei ouers in die opvoeding moet speel (Power, 1969:91-92). Die gevaar bestaan dat 'n ongeborgenheidsgevoel by die kind kan ontstaan as een van die ouers se rol oorbeklemtoon word.

Quintilianus het ook besware gehad teen 'n eensydige gesinsopvoeding. Volgens hom kon dit lei tot wanpraktyke indien 'n seun sy hele lewe lank onderwys by die huis ontvang (Brubacher, 1966:509). Dit blyk dat Quintilianus se grootste bekommernis was dat die kind dan nie die geleentheid gebied word om algemene kennis buite sy huisgesin op te doen nie (Rusk, 1979:39). Die belangrikheid van die ander samelewingsverbande soos die skool en kerk speel volgens Quintilianus 'n belangrike rol in die opvoedende onderwys van 'n kind.

3.3.5 Die ouer as kultuurdraer

Eby *et al.* (1949:525) beweer dat geen samelewingsverband 'n groter invloed uitgeoefen het op die kulturele ontwikkeling van Europa, as juis die Romeinse huisgesin nie. Tydens die ou-Romeinse tydperk het die vader 'n sterk pligsbesef besit om die kultuur en tradisies van sy volk aan sy familie oor te dra.

Gedurende die ou-Romeinse tydperk het 'n seun sy godsdienstige pligte van sy vader, wat as godsdienstige hoof van die familie opgetree het geleer (paragraaf 3.3.4). Die vader het tydens die ou-Romeinse tydperk as kultuurdraer betrokke geraak by sy seun se opvoedende onderwys (Cronje *et al.*, 1958:90).

Morele en praktiese gesinsopvoeding van die seuns en dogters is aangevul deur die godsdienstige opvoeding. Terwyl die seuns hulle godsdienstige pligte aan die sy van hul vaders geleer het, was die dogters deur hulle moeders in die kulturele bedrywighede van die Romeinse vrou ingelei. Die dogters het ook deelgeneem aan die godsdienstige rites in die huisgesin (Eby *et al.*, 1949:530; Goodsell, 1934:151; Wilkens, 1905:11).

Gedurende die ou-Romeinse tydperk het die ouer sy plek as kultuurdraer doelmatig volgestaan. Die Romeinse kind is van kleins af die burgerlike wette van sy land geleer en ook dat dit as heilig beskou moes word. Die tradisievastheid het deurlopendheid aan die Romeinse opvoeding verleen sodat die kind nie die wisselvalligheid en twyfel van die Griek geken het nie (Pistorius, 1978:61).

Nieteenstaande die feit dat die Romeinse seun in die Grieks-Romeinse tydperk al hoe meer in die hande van die onderwyser geplaas is, was die vader nog die primêre kultuurdraer. Die seun het onderrig in vroomheid ontvang en ook sy vader vergesel na die offerande vir die gode. Indien hy die seun was van 'n senator het hy ook sy vader na die senaatvergaderings vergesel. Die vader het sy seun oor die helde uit die verlede ingelig en sodoende as kultuurdraer tradisie laat voortlewe (Curtis *et al.*, 1970:48).

Gedurende die Grieks-Romeinse tydperk het die moeder nog as kultuurdraer opgetree, omdat sy aan haar dogter die tradisionele plek van die vrou in die huis voorgehou het. Die Republikeinse burgers was nie gediend daarmee dat huurlinge of versorgers die kinders moes opvoed nie. Tacitus (1914:28) meen dat kinders aan hulle moeders se knie moes leer en hierdeur moes die moeders die hoogste lof ontvang dat hulle die huishouding waarneem en ook toegewyd was aan hulle kinders (Curtis *et al.*, 1970:48).

Die oordrag van kultuur was volgens Quintilianus nie net tot die vader alleen beperk nie, maar tot beide ouers. Volgens Quintilianus moes selfs die gemeenskap in die Grieks-Romeinse tydperk vir die seun as model dien waarvolgens hy sy kultuur moes uitleef. Indien die huislike omstandighede nie gunstig was nie, moes 'n ervare onderwyser in tale, wat by implikasie as kultuurdraer moes optree, die seun bystaan (Carcopino, 1946:119; Rusk, 1979:37).

3.3.6 Evaluering

In teenstelling met die Griekse opvoeding het die opvoeding gedurende die Romeinse tydperk altyd 'n praktiese veelsydigheid openbaar.

Gedurende die ou-Romeinse tydperk het daar 'n gesonde gesinsverhouding bestaan en omdat skole feitlik onbekend was, is die ouers beskou as die opvoeders van hulle kinders.

Ter staving van die voorafgaande feite word die volgende besonderhede bygevoeg. Die ou-Romeinse ouer het hom in sy lewe streng gehou by eerbare sedelikheid. Soos hy by die huis gelewe het so het hy ook in die gemeenskap gelewe. Die ouer tydens die ou-Romeinse tydperk het 'n hoë premie geplaas op die aanbidding van die gode, die instandhouding van die huisaltaar en die deelname aan godsdienstige plegtighede in die huis sowel as die gemeenskap daarbuite. So is die kind van jongs af kultureel beïnvloed deur die ouer se betrokkenheid by sy kind se opvoedende onderwys.

Gedurende die ou-Romeinse tydperk kon die ouer nie beskuldig word van 'n tekort aan huwelikstrou en vaderlandsliefde nie. Daarom kan daar aanvaar word dat die ouer sterk na vore getree het as kultuurdraer en sodoende betrokke geraak het by die kind se opvoedende onderwys.

Omdat die ouers innig aan mekaar verbind was, is daar vir die kind 'n geborgenheidsruimte geskep waarin die moeder sowel as die vader 'n ereplek beklee het gedurende die ou-Romeinse tydperk.

Opmerklik van die ou-Romeinse lewensbeskouing was dat die individu en die staat eintlik een was en ook dat die individu gelewe het vir die gemeenskap. Daarom was daar ook gemeenskapsbetrokkenheid by die kind se opvoedende onderwys.

Die opvoedingsideale van die ou-Romeinse periode het gedurende die Grieks-Romeinse tydperk aansienlike veranderings ondergaan. Om die verandering wat gedurende die Grieks-Romeinse tydperk plaasgevind het ten opsigte van die kultuuroordrag van die ouers aan hulle kinders te illustreer, word die bykomende feite aangedui. Onder die invloed van die Grieke is daar meer aandag aan die literêre en verstandelike vorming van die kind gegee.

Die Grieks-Romeinse tydperk is ook gekenmerk deur 'n koudheid wat by die huisgesin ingetree het. Die persoonlike en liefdevolle versorging het oor die algemeen by die ouer ontbreek en die kind is in die hande van die bediende en die onderwyser gelaat om opvoedend onderwys te word.

Slegs die volk se tradisionele religieuse rituele is nog deur die vader aan die kind oorgedra, maar dit blyk dat die betrokkenheid van die ouer gedurende die Grieks-Romeinse tydperk hier geëindig het.

'n Persoon soos Quintilianus het ook bepaalde invloede op die opvoedingsteorie en -praktyk uitgeoefen. Quintilianus was van die eerste opvoedkundiges wat 'n duidelike onderskeid gemaak het tussen die samelewingsverbande en hulle onderskeie kompetensierreine. Sy siening van die gesin en die skool strook met 'n Christelike samelewingsteorie, want hy beskou die ouers as die primêre opvoeders van hulle kinders terwyl die ander samelewingsverband, die skool, aansluit by die opvoeding van die ouerhuis (Postma, 1987:20).

3.4 DIE VROEË CHRISTENE AS EKSEMPLAAR

3.4.1 Kultuurhistoriese agtergrond

Die opvoeding in Israel val in twee periodes uiteen. Die eerste periode duur vanaf die uittoeg uit Egipte tot en met die Babiloniese ballingskap. Die tweede periode neem 'n aanvang met die terugkeer uit die ballingskap en eindig met die verwoesting van die tempel in die jaar 70 n.C. (Steyn *et al.*, 1981:62).

Die vroeë Christelike tydperk begin met die geboorte van Christus en loop omstreeks 500 n.C ten einde. Die koms van Christus het 'n totale aksentverskuiwing met betrekking tot die opvoedende onderwys van die kind teweeg gebring (Coetzee, 1958a:90).

Die vroeë Christelike tydperk is ook die tydperk waarin die Christelike godsdiens langs die weg van vervolging, verguising en bloedvergieting tot erkenning gevoer is in 313 n.C. toe Konstantyn die Grote, 'n Romeinse keiser, met die Edik van Milaan godsdiensvryheid aan die Christene toegestaan het (Ferguson, 1963:94).

Die leer van Christus was nie 'n totale breuk met die Ou Testamentiese sedes en norme en tradisies nie; intendeel, dit was die logiese voltooiing en vervulling daarvan (Kruger, 1979:162). Daarom sal die lyn kortliks in paragraaf 3.4 deurgetrek word vanaf die Ou Testamentiese tydperk tot en met die vroeë Christene. Slegs die aksentverskuiwing, indien enige, sal by die Ou Testamentiese tydperk aangetoon word.

Die Christendom het aanvanklik kontak met die paganistiese (heidense) geleerdheid vermy. Veral Augustinus (354-430 n.C.), een van die belangrikste persoonlikhede in die vroeë Christelike opvoeding en een van die grootste geleerdes en denkers van alle eeue, was die grondlegger van die Christelike filosofie en Christelike opvoeding (Steyn *et al.*, 1981:33).

Omdat Augustinus beskou word as die grondlegger van die Christelike Opvoedkunde, gaan daar in hierdie hoofstuk aandag geskenk word aan die invloed wat Augustinus op die tydperk van die vroeë Christene uitgeoefen het.

Die rol wat Jesus in die vroeë Christelike tydperk vervul het, mag nie uit die oog verloor word nie. Daarom word die koms van Jesus Christus die middelpunt van die opvoedende onderwys se geskiedenis. Dit het daartoe gelei dat daar 'n veredelde Godsbeskouing ontstaan het. Gedurende die tydperk het die opvoedende onderwys nie slegs die belydenis in die Skepper en Wetgewer as die Almagtige behels nie, maar is God veral as liefdevolle Vader bely (Steyn *et al.*, 1981:42).

3.4.2 Onvoorwaardelike aanvaarding

Die kind in die vroeë Christlike tydperk was as waardevol beskou op grond van sy beeldskap van God en is as sodanig deur sy ouers aanvaar. God het ook die kind geskape en as sodanig was die kind menswaardig, 'n skepsel van God. Die geboorte van die kind was vir die ouers die teken van die nakoming van 'n opdrag en die voortsetting van 'n verbond (Kruger, 1983:36; Ps. 127:3-5).

Deur Christus se liefde vir die kindertjies, Sy bemoeienis met hulle en Sy uitsprake oor hulle het Hy die Godegewe plek van die kind op aarde aangedui (Matt.18:2-4, Markus 9:33-36 en Luk. 18:17). Deur die lering van Christus het die vroeë Christene tot erkenning van die kind se menswaardigheid en sy uniekheid as persoon gekom (Kruger, 1979:170).

Tydens Jesus se omwandeling op aarde was die voorbeeld wat Hy aan die vroeë Christelike ouer gestel het ten opsigte van aanvaarding van die kind as 'n unieke wese, navolgenswaardig. Jesus het aan die enkeling geglo en het sy individuele persoonlikheid en wil eerbiedig (Pistorius, 1978:78). Christus het niemand verwerp op grond van sy ouderdom, geslag, sosiale stand of afkoms nie (Coetzee, 1958a:85).

Jesus het die voorbeeld vir die aanvaarding van die kind gestel deur daarop te wys dat die kind in Christus lotgenoot en medeganger is (Hand. 2:38-39 en Mark. 10:13-16). Ook deur Paulus se versoek dat alle kinders onderrig moes word, het hy die kinders se aanvaarding onderstreep (Ef. 6:4).

Deur Jesus se onderrig aan die volwassenes (ook ouers) het Hy hulle aandag daarop gevestig dat 'n kind nie 'n gebrekkige volwassene is nie maar as 'n hulpbehoewende mens in eie reg aanvaar moet word. Die kind se natuurlike vertrouwe op die volwassene moet,

volgens Jesus, as voorbeeld dien vir wat die verhouding tussen die mens en God moet wees. Met die verwysing na die verhouding tussen ouer en kind kom die aanvaarding van die kind deur die ouer sterk na vore. Die kind se uniekheid as mens word hier as sodanig onvoorwaardelike deur die ouers aanvaar (Pistorius, 1978:82).

Vir die eerste keer in die geskiedenis is die kind in sy menswaardigheid en uniekheid van persoon raakgesien. Op voortreflike wyse het Christus die besondere Godgegewe plek en roeping van die kind in die Koninkryk van die Hemele aangetoon. Herhaaldelik is die kind deur Jesus vir die volwassenes as voorbeeld gehou: “Toe roep Jesus ’n kindjie na Hom en laat hom tussen hulle in staan en sê: Voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie verander en soos die kindertjies word nie, sal julle nooit die koninkryk van die hemele ingaan nie” (Matteus 18:2-3).

Omdat elke kind as gawe van God en lidmaat van die gemeente van Christus beskou is, is daar geen verskil gemaak tussen ryk of arm, seun of dogter se opvoedende onderwys nie (Coetzee, 1958a:97).

Gedurende die vroeë Christelike tydperk het Augustinus (354-430 n.C.) ’n besondere hoë waarde daaraan geheg dat die ouers altyd rekening moes hou met die individualiteit van hulle kinders by opvoedende onderwys (Coetzee, 1958a:114). Verder het Augustinus (1952:[XI] 17) geglo dat die moeders, in teenstelling met die vaders van dié tydperk, hulle kinders onvoorwaardelik aanvaar het deur hulle kinders op te dra aan die beskerming van hulle Hemelse Vader.

3.4.3 Beskikbaarheid van die ouers

Vir die vroeë Christene was die ouers as opvoeders baie belangrik omdat daar geen formele Christelike skole bestaan het nie (Kuyper, 1970:42). Albei die ouers was die eerste paar jaar van die kind se lewe vir hom beskikbaar om hom op te voed, waarna die vader vir die seun en die moeder vir die dogter se opvoedende onderwys verantwoordelikheid aanvaar het (Frost *et al.*, 1973:116).

Tydens die tydperk van die vroeë Christene het die Joodse moeder ’n besondere plek in die huisgesin ingeneem. As vrou het sy slegs ’n huislike opvoeding ontvang en moes sy as moeder haarself beskikbaar stel om dit wat Jahwe aan sy volk geleer het aan haar kinders oor te dra (Castle, 1958:17-18; Pistorius, 1978:72).

Toegewyde ouers het hulself beskikbaar gestel vir die kinders se opvoedende onderwys en die standvastige ouers het hul volkome gewy aan die godsdienstige opvoeding van hul kinders. Die Jode se nougesette familie-onderrig het voortgeduur tydens die tydperk van die vroeë Christene (Eby *et al.*, 1949:602).

Die Apostel Paulus (2-65 n.C.) het ook hoë waarde geheg aan die beskikbaarheid van die ouer in die opvoeding van sy kind. In Efesiërs 6:4 skryf hy aan die vaders voor hoe hulle optrede moet wees in die opvoeding van hul kinders.

Tydens die vroeë Christelike tydperk was die kerkvaders dit eens dat die ouers verantwoordelikheid vir die kind se vroeë opvoeding moes aanvaar (Laistner, 1951:30). Volgens die volkstradisie moes die ouers hulself beskikbaar stel vir die kind se opvoedende onderwys.

Die volgende voorbeelde van die ouer se beskikbaarheid gedurende die tydperk van die vroeë Christene word hier voorgedra om voorafgaande te bevestig. Augustinus, wat met reg die vader van die Westerse Kerk genoem kan word, is veral deur sy moeder Monica onderrig, terwyl Origenes (185-254 n.C.) deur sy Christelike vader Leonidas onderrig is (Eby *et al.*, 1949:603).

3.4.4 Skep van geborgenheidsruimte

Die intieme gesinslewe in die vroeë Christelike tydperk het van die gesin 'n lots- en werkgemeenskap gemaak. Die kind het homself as behorende en geborge gevoel in die veilige ruimte van die liefdevolle huis (Kruger, 1983:38).

Tydens die vroeë Christelike tydperk het die Israelitiese ouer-kindverhouding 'n verandering ondergaan. Die ouers en kinders het nie meer teenoor mekaar gestaan nie, hulle het een gemeenskap in die Here gevorm (Hand. 2:39 en 1 Kor. 7:14). Dit het daarop neergekom dat die ouers hul kinders moes opvoed in 'n geborgenheid van die Here en die kinders moes weer hulle ouers liefhê en gehoorsaam in die Here (Kol. 3:20-21).

Jesus verbind die opvoeding met liefde (Johannes 21:15-17) en Hy verkondig dat die opvoeder (ouer) ooreenkomstig die liefdesgebot moet optree. Binne die kring van liefde van die gesin het die kind hom geborge gevoel. In Matteus 23:9-10 word Christus as die enigste ware opvoeder aangedui en die aardse opvoeder (i.c. ouer) is slegs Sy helper (Pistorius, 1978:83).

Deur Christus se lering was daar 'n noue band tussen die ouers en kinders gesmee. Die verhouding tussen die ouer en kind was gebaseer op wedersydse liefde en respek vir mekaar. Die ouer het vir die kind 'n geborgenheidsruimte gestig deur sy kind te leer dat sy verhouding in die gesin dieselfde moes wees as sy verhouding met die Vader, in Christus (M'Clintock, 1969:479).

Die vroeë Christelike dissipline was gebaseer op die strenge Joodse dissipline, maar versag deur die liefdevolle vergewensgesindheid van Christus. Augustinus het ook klem gelê op die wisselwerking tussen tug en liefde in die opvoedende onderrig (Coetzee, 1958a:113). Waar die wisselwerking tussen liefde en tug gebalanseerd plaasgevind het, is daar vir die kind 'n geborgenheidsruimte geskep deur die ouers.

Die vader en die moeder was gesagsdraers in die vroeë Christelike gesin. Die apostel Paulus wys nog steeds daarop dat die kinders die gesag van die ouers moes gehoorsaam en dat die vader en moeder geëer moes word (Efese 6:1-2). Dit moes ook 'n liefdevolle gesag wees, want die weg na Christus en die Ewige Lewe, wat die primêre opvoedingsdoel was, het immers die liefde by uitnemendheid geïmpliseer (1 Korinthiërs 13). Die Christelike huisgesin sou vir die kind dus 'n geborgenheidsruimte wees waarin sy opvoeding kon gedy.

Augustinus wou die mens as hemelburger opvoed. Vir hom was die opvoedingsdoel die beoefening van die deug en daar was vir Augustinus geen ander ware deug as die liefde tot God nie. Sy uitgangspunt was dat hy wat God bemin en die ware deug besit sal geborgenheid vind in die liefde van God (Coetzee, 1958a:111).

3.4.5 Die ouer as kultuurdraer

Gedurende die eerste eeu van die vroeë Christelike opvoeding was 'n sedelik-godsdienstige karakter by die Israeliete waarneembaar. Laasgenoemde karakter het aanleiding gegee tot die verwaarlosing van die intellektuele en estetiese aspekte wat kenmerkend was van die klassieke wêreld. Coetzee (1958a:93) meen dat die Christelike denke op die klassieke denkstelsel hervormend en vernuwend moes ingewerk het, wat nie onmiddellik die geval was nie. Hier kon die ouers 'n belangrike rol vervul as kultuurdraers.

Die huisgesin in die vroeë Christelike tydperk het anders as die losse gesinsverhoudinge van die Grieks-Romeinse tydperk 'n hegte eenheid gevorm wat die grondslag gelê het vir die hele maatskaplike samelewing van die tydperk. Die huisgesin van die vroeë Christelike tydperk het as kultuurdraers opgetree omdat hulle die sentrum gevorm het van die gemeenskapslewe (Bavinck, 1912:72).

Die voorskrifte vir 'n religieuse opvoeding vir die kind is vir die ouers vasgelê deur God in Sy Wet. Dit het vir die ouers in die vroeë Christelike tydperk gedien as riglyn om as kultuurdraers vir hulle kinders op te tree (Kruger, 1983:37).

By die vroeë Christene was die vader ook die priester by die huisgodsdiens. Hy het hierdie plig getrou verrig, want die kind het van jongs af met die huisaltaar en die Christelike geloof kennis gemaak (Erasmus, 1942:51). Die moeder het ook as kultuurdraer haar bydrae gelewer. Sy was verantwoordelik vir die godsdiensonderrig van die kinders. In die apostel Paulus se brief aan Timotheüs meld hy dat hy sy geloof aan sy grootmoeder Loïs en sy moeder Eunice se onderwys te danke het. Hieruit kom die rol van die moeder as kultuurdraer gedurende die vroeë Christelike tydperk duidelik na vore (2 Tim. 1:6).

Augustinus het 'n belangrike rol vervul in verband met die integrering van die klassieke kulture met die van die Christelike geloof. Sy mening was dat die Christen uit die heidense kultuur, dinge wat bruikbaar en sedelik is en wat sal lei tot verering van die ware God, kan neem en deel van sy eie kultuur maak. Ten spyte van hierdie poging van Augustinus kon hy nie daarin slaag om hom los te maak van die destydse heersende dualistiese denke, natuur en genade nie. Veral sy siening van die staat dui op 'n konflik tussen die natuur en die genade wat uiteindelik lei tot die verabsoluttering van die kerk ter voorbereiding van 'n Godstaat (Curtis *et al.*, 1970:87; Postma, 1987:21).

Die Bybel was vir Augustinus die sentrale leerstof en hoofbron tot die oordrag van kultuur. Die ouer moes alle kennis hierom groepeer en daaraan diensbaar maak. Hiermee het Augustinus ook 'n nuwe, verhewe basis aan kultuur gegee (Pistorius, 1978:103).

3.4.6 Evaluering

Vir die vroeë Christelike ouers was die versorging en die opvoeding van hul kinders 'n primêre ouerlike plig. Die vader en moeder het hul taak gesamentlik aangepak om die kind in sy eerste jare op te voed. Die vroeë Christene was bewus van die invloed wat die voorbeeld van die volwassenes op hul kinders het. Gevolglik het hulle probeer om volgens die Woord van God in hulle daaglikse lewe op te tree. Soos Christus het hulle gepoog om eerder deur daade as deur woorde te onderrig (Johannes 10:25).

Die ouers in dié tydperk het hulle kinders onvoorwaardelik aanvaar. Dit was vir hulle nie net 'n verantwoordelikheid wat die gemeenskap van hulle vereis het nie, maar die wete was daar dat hul kinders 'n geskenk van God was. Die aanvaarding is verder versterk

deur die beskouing van die vroeë Christene dat die kind op grond van sy beeldskap van God aanvaar moes word.

Die vroeë Christelike ouers het hulself beskikbaar gestel vir hul kind se opvoedende onderwys om deur nougesette familie-onderwys hul volkome te wy aan die godsdienstige opvoeding van hul kind.

'n Groot verantwoordelikheid is deur die kerk, as samelewingsverband, onder leiding van die kerkvaders op die ouers van die vroeë Christelike tydperk geplaas om hulself beskikbaar te stel vir hul kinders se opvoedende onderwys.

Dié tydperk is gekenmerk deur 'n liefdevolle gesinslewe, waar die liefdesgebod uitgeleef is. Deur Christus se liefdevolle lering is die ouer van die vroeë Christelike tydperk versterk om 'n geborgenheidsruimte vir hul kinders te skep. Die vroeë Christelike ouer wat sy kind in liefde tot hemelburger opgevoed het, het 'n geborgenheidsruimte geskep wat heilsaam was vir sy kind se opvoedende onderwys.

Die tradisievaste ouers van die vroeë Christelike tydperk het as kultuurdraers 'n groot bydrae gelewer tot die opvoedende onderwys van hul kinders. Die vader het 'n besondere rol vervul ten opsigte van die kultuuroordrag. Die godsdienstige tradisie-oordraging van die Jode in die vroeë Christelike tydperk is grootliks deur die vader behartig. Met hierdie taak het die moeder hom getrou bygestaan en was daar doelmatige ouerbetrokkenheid by hul kinders se opvoedende onderwys.

Augustinus se opvoedingsdoelwit was om die kind tot 'n hemelburger op te voed. Die ouers van die vroeë Christelike tydperk is deur Augustinus tot die besef gebring dat deug die volmaakte liefde tot God is. Die ouers het hulle kinders daarvolgens opgevoed en sodoende betrokke geraak by hul kinders se opvoedende onderwys. Die Christendom het die kwaliteit van gesinsopvoeding verhoog, maar dit blyk dat die toepassing van die opvoedingsgedagtes baie stadig by die ouers inslag gevind het.

3.5 DIE MIDDELEEUE AS EKSEMPLAAR

3.5.1 Kultuurhistoriese agtergrond

Tydens die Middeleeue het die Europese kultuur voortgevloei uit drie bronne: die laat-Romeinse kultuur, die Christendom en die Germaanse kultuur. Die godsdienstige en kerk-

like lewenswyse het die grondslag van die tydperk se tradisies, gewoontes en gebruike wat ook die kern van die tydperk se lewe uitgemaak het, gevorm (Anon, 1975:349).

Die aanvang van die Middeleeuse kultuur lei 'n nuwe fase in die beskawingsgeskiedenis van Wes-Europa en dus die Westerse wêreld in. Die aanvang van die periode kan gerieflikheidshalwe gelykgestel word met die val van die Romeinse Ryk in 476 n.C. en die einde van die tydperk met die begin van die wêreldmag van die Germaanse volke in die 15de eeu (Coetzee, 1958a:115).

Die Middeleeue is ook gekenmerk deur die oornam van die Keiserlike mag deur die Katolieke Kerk. Hiermee is die mag van die Latynse volke beëindig en die Germaanse volke het hul hoogtepunt met die kroning van Karel die Grote bereik. Die kerk, en spesifiek die Rooms-Katolieke Kerk het die heerskappy gevoer (Steyn *et al.*, 1981:56).

Na die dood van keiser Karel die Grote (742-814 n.C.) wat 'n grootse poging aangewend het om die gewone volk deur middel van opvoeding op te hef, het 'n moeilike tydperk in die beskawingsontwikkeling van Wes-Europa aangebreek – dus ook ten opsigte van ouerbetrokkenheid (Pistorius, 1978:85).

Johannes Gerson (1363-1429) word naas Vincentuis (1190-1264) beskou as die grootste pedagoog van die latere Middeleeue. Gerson het 'n groot invloed uitgeoefen op sy tyd. Gedurende die vyftiende eeu was dit Gerson wat die sedelike lewe beklemtoon het as agtergrond vir die verbetering van vroomheid en goeie opvoeding. Dit het daartoe bygedra dat ouerbetrokkenheid gedurende die Middeleeuse tydperk beter toegelig is (Coetzee, 1958a:147 en 149).

3.5.2 Onvoorwaardelike aanvaarding

Gedurende die laaste deel van die elfde eeu (Riddertydperk) was dit elke vader se toekomsideaal om sy seun as ridder geslaan te sien. Belangrike leenhere en konings se kinders is tuis in die hofskool van hul vaders opgevoed. Om as ridder aanvaar te word, moes die skildknaap die ridderseed aflê (Cubberley, 1948:168).

Tydens die Middeleeue is die kind aanvaar indien hy die sosiale standaarde van die gemeenskap aanvaar en uitgeleef het. Die Middeleeuse kind moes so gou moontlik afstand doen van sy kinderbestaan en die gedissiplineerdheid van die volwassene aanvaar. Die ouers het hulle kinders eers aanvaar as hulle soos “klein” volwassenes opgetree het (Wilds *et al.*, 1970:179).

Die voorskriftelike leermetodes vir alle kinders van die Middeleeue het daartoe gelei dat die kinders se uniekheid as mense misken is. 'n Verdere bydrae tot die miskening van die kind as mens was die omstandighede waarin die Middeleeuse mens geleef het. Oorlog en geweld was aan die orde van die dag en daarom het die kind in sy hulpbehoewendheid nie tot sy reg gekom nie. Die kind moes so gou moontlik die afhanklikheid van sy kinderjare oorkom sodat hy aan die eise van krag en oorlog kon voldoen om te kon voortbestaan. Eers teen die einde van die Middeleeue het die tendens stadig begin verander en het die ouer meer betrokke geraak by sy kind se opvoedende onderwys (Pistorius, 1978:100).

Gerson (1363-1429 n.C.) het 'n groot invloed uitgeoefen gedurende die tydperk. Hy voer aan dat daar in die opvoeding van kinders ten volle rekening gehou moet word met die verskille tussen individuele kinders. Kinders moet opgevoed word tot die hoogste doel naamlik om met God te wandel op die weg van Sy geboorte (Coetzee, 1958a:148). Gerson het in sy opvoedkundige geskrifte die nodige aanmoediging aan die ouers verskaf om hulle kinders as individue te aanvaar en dienooreenkomstig op te voed.

3.5.3 Beskikbaarheid van die ouers

In die Riddertydperk is die kind van sy geboorte af tot sy sewende jaar aan die sorg van sy moeder toevertrou. Sy moes hom onderrig in godsdiens, goeie sedes en fyn maniere. Die moeder was dus vir sy eerste sewe jaar beskikbaar om tyd aan sy opvoedende onderwys af te staan (Coetzee, 1958a:136).

Van sy sewende tot sy veertiende jaar is die seun na die hof van 'n ander edelman, gewoonlik sy vader se senior, gestuur. Slegs in die geval van belangrike leenhere en konings, het die kinders tuis gebly en is hulle in die hofskool van hul vader opgevoed. Gedurende dié tydperk was die ouer nie gereedelik beskikbaar sodat hy sy opvoedingstaak kon volvoer of uitvoer nie (Van Vuuren, 1976:198).

Gedurende die elfde en twaalfde eeu, wat bekend gestaan het as die bedeling van 'n landbou-ekonomie en tuisnywerhede, was die ouers wel vir die kind beskikbaar. Die kind moes saam met sy ouers in hul bestaansbehoefte voorsien. Niks van die grootmensewêreld is vir die kind weggesteek nie, selfs bevallings en sterfgevallen het ten aanskoue en te midde van die kinders plaasgevind. Letterlik alles was vir almal toeganklik en bekend (Verster, 1984:10). Kinders was verplig om saam met hul ouers of ander volwassenes dieselfde huis te deel. Dertig tot veertig familieledes in dieselfde huis was niks ongewoons nie (Aries, 1962:203). Die vraag kan gevra word of hierdie beskikbaarheid van die ouer tot voordeel van die kind se opvoedende onderwys was.

Karel die Grote het 'n goeie voorbeeld van die beskikbaarheid van die ouer en ouer-betrokkenheid gestel. Hy het 'n skool aan sy hof gestig, waarvan hyself, die lede van sy gesin en die seuns van die edeles leerlinge was (Coetzee, 1958a:117).

Deur Gerson se boeke is die ouers van die Middeleeue bewus gemaak van opvoedende onderwys. Volgens Gerson is dit 'n moeilike taak om kinders te lei tot gewoontevorming en daelike oefening, wat volgens hom die beste opvoedingsmiddel tot die doel is. Verder meen Gerson dat die ouer as gelowige opvoeder altyd 'n betroubare voorbeeld moet wees deur homself beskikbaar te stel om alles wat die kinders kan skaad, uit die weg te ruim (Coetzee, 1958a:148).

3.5.4 Skep van geborgenheidsruimte

Gedurende die Riddertydperk (11de eeu) het die Adelstandouers hul dogters in groter geborgenheid grootgemaak as wat die geval in die ander stande was. Die dogter uit die adelstand het 'n keuse gehad of sy 'n non of 'n huisvrou wou word. Het sy verkies om 'n huisvrou te word, is sy tuis in haar bekende omgewing opgevoed. Sy is opgelei in sosiale leierskap, naaldwerk, spin en weef, lees en skryf, godsdiens, huishouding en om die landgoed te bestuur as haar man oorlog toe gaan (Pistorius, 1978:93).

Sedert die elfde eeu is die seuns meestal in kastele van bevriende ridders opgelei. Die seuns het dus nie die geborgenheid van 'n ouerhuis gesmaak nie. Vir sy voortbestaan moes die seun krag en oorleg hê en moes die afhanklikheid van sy kinderjare so gou moontlik oorwin word (Pistorius, 1978:93 en 100).

Vir die eerste paar jaar is die jong seun as hofknaap aan die dames van 'n kasteel toevertrou om sy opvoedende onderwys te onderneem. Op 'n ouer leeftyd was die hulp van monnike ingeroep om die seuns by te staan met hul opvoedende onderwys. Die omstandighede in ag genome was die ouers meestal nie in staat om gedurende die 11de eeu vir hulle seuns 'n geborgenheidsruimte te skep nie (Van den Bergh, 1983:372).

Gerson het 'n groot invloed uitgeoefen op sy tyd. Sy mening dat daar 'n regverdige en sagte tug toegepas moes word het gedurende die vyftiende eeu in baie kringe goeie opvoeding teweeg gebring. Die ouers was nog nie in dié tydperk daarop ingestel om 'n geborgenheidsruimte vir hulle kinders te skep nie, dit moes die kinders by die leraars wat besig was met hulle opvoedende onderwys vind (Coetzee, 1958a:148).

3.5.5 Die ouer as kultuurdraer

Van geboorte tot en met die kind se sesde jaar was die kind van die Middeleeue en veral in die Riddertydperk aan die sorg van die moeder toevertrou. Die moeder moes veral aandag skenk aan godsdiens, goeie sedes en fyn maniere (Van Vuuren, 1976:197). Die moeders se bydrae tot die kind se opvoedende onderwys was beperk tot die eerste ses jaar en sy kon daarna nie haar bydrae lewer as kultuurdraer nie.

Die seuns in die Riddertydperk het nie na hulle sesde jaar opvoedende onderwys by hulle ouers ontvang nie, maar was soms deur monnike onderrig. Die monnike het in die plek van die ouers opgetree deur die seuns te onderrig in beskawingsverfyndhede, hoflikheid teenoor dames, tafelgedrag, die speel van musiekinstrumente en die skryf- en lees-kuns (Van den Bergh, 1983:372).

Die kern van die opvoeding gedurende die Middeleeue was die sedelike en godsdienstige vorming, maar daarnaas het die krygkundige, kommersiële, industriële, formeel verstandelike vorming langs die tradisionele opleiding vir monnik, non en priester ontwikkel. Hieraan het die ouer van die Middeleeuse tydperk nie 'n groot aandeel gehad nie (Coetzee, 1942:105).

Karel die Grote het as keiser en ouer 'n belangrike bydrae gelewer as kultuurdraer. Deur sy toedoen is die onderwys wat 'n laagtepunt gedurende die sesde eeu ondervind het, opgehef deur die daarstelling van volksonderwys en moedertaalskole (Pistorius, 1978:92).

Gerson (1363-1429) het die ouers van die Middeleeuse tydperk bewus gemaak van hul betrokkenheid ten opsigte van die kultuuroordrag aan die kinders. Hy het verbeterde kategetiese en volksonderwys bepleit in een van sy boeke, naamlik "Oor die bring van kinders tot Christus" (Coetzee, 1958a:148).

3.5.6 Evaluering

Die geskiedenis van die opvoedende onderwys gedurende die Middeleeuse tydperk toon aan dat ouerbetrokkenheid aandag geniet het. Gedurende die eerste deel van die Middeleeuse tydperk het ouers wel volgens hulle lewensopvatting gedeeltelik betrokke geraak by hulle kinders se opvoedende onderwys, maar gesien vanuit 'n fundamenteel-opvoedkundige oogpunt was dit nie voldoende nie. Vanaf die Riddertydperk was die seun net gesien as 'n toekomstige ridder en nie as 'n kind wat hulpbehoewend smag na die leiding van 'n

volwasse ouer nie, wat daarop dui dat die ouers nie daadwerklik betrokke geraak het by hulle kinders se opvoedende onderwys nie.

Die gemeenskap het heelwat druk op die ouers van die Middeleeuse tydperk toegepas ten opsigte van die aanvaarding van hul kinders. Omdat die gemeenskap geëis het dat die kinders so gou moontlik moes optree soos volwassenes, het die ouers hulle eers aanvaar as die kinders as sodanig opgetree het.

Die omstandighede waarin die Middeleeuse ouers en hul kinders geleef het, het 'n bepaalde invloed op die aanvaarding van die kind uitgeoefen. Omdat oorlog en geweld aan die orde van die dag was, moes die kind se uniekheid en individualiteit ingeboet word ten koste van gemeenskapsverwagtinge vir onafhanklikheid van die kind.

Die ouers was vir slegs die eerste ses jaar van hulle kinders se lewens tot hul beskikking om betrokke te wees by hulle kinders se opvoedende onderwys. Die moeder was meer betrokke by die kinders se opvoedende onderwys as die vader omdat sy by die huis gebly het en meer beskikbaar kon wees.

Ten tye van die landbou-ekonomie en die tuisnywerhede was die ouers meer toeganklik vir hulle kinders omdat die kinders saam met hulle die bestaansbehoefte moes voorsien. Waar die ouer en kind skouer aan skouer moes werk om aan die lewe te bly, kan moeilik bepaal word of dit bevorderlik vir die kind se opvoedende onderwys was.

Dogters uit die adelstand het 'n voorsprong bo hulle eweknieë uit die ander stande gehad omdat hulle in groter geborgenheid grootgemaak is deur hulle ouers. Met die seuns was dit anders gesteld. Omdat hulle opgelei is as ridders in ander edelmannes se kastele het hulle nie dieselfde geborgenheid gesmaak nie. Daar is nie 'n ouerlike geborgenheidsruimte vir die seuns geskep nie, want dit was die ouers se mening dat die seuns moes ontwikkel tot "oorlogsmasjiene".

Gedurende die elfde eeu het die monnike die ouers bygestaan om aan die seuns opvoedende onderwys te verskaf. Dit blyk dat die ouers tydens die Middeleeue nie so betrokke geraak het by hulle kinders se opvoedende onderwys dat hulle werklik vir hul kinders 'n geborgenheidsruimte geskep het nie.

Tydens die Middeleeue was die moeder die ouer wat opgetree het as kultuurdraer. Vir die eerste ses jaar van die kind se lewe het die moeder haar gewy aan die kind se religieuse

onderwys. Na die eerste ses jaar van die kind se lewe het die ouers geleidelik van die toneel begin verdwyn en het die monnike hul funksie begin oorneem.

Persone soos Gerson en Karel die Grote het ook bepaalde invloed uitgeoefen op die ouers van die Middeleeue. Gerson kon die nodige inligting gee aan die ouers om hul kinders op te voed deur met God te wandel op die weg van Sy geboorte. Karel die Grote het alreeds in die negende eeu invloed uitgeoefen ten opsigte van opvoedende onderwys en meer spesifiek ouerbetrokkenheid, deur die daarstelling van 'n hofskool aan sy eie tuiste, onder sy direkte beheer en toesig.

3.6 DIE HERVORMINGSTYDPERK AS EKSEMPLAAR

3.6.1 Kultuurhistoriese agtergrond

Gedurende die laaste gedeelte van die vyftiende eeu het Europa verskeie veranderinge ondergaan wat momentum gegee het aan die Hervorming (New, 1969:103). Die uitvindings van die boekdrukkuns, buskruit asook die ontdekking van nuwe wêreldes soos Amerika (1492) en die Kaap die Goeie Hoop in 1487 was belangrike gebeurtenisse wat invloed uitgeoefen het op die geestelike aktiwiteite van die mense in Europa (Coetzee, 1958a:156).

Die Hervorming (i.c. Reformasie) is voorafgegaan deur die kritiek wat die stedelinge uitgespreek het teenoor die voorregte wat die kerk homself toegeëien het. Die kerk se swakhede, oormatige beheer oor onderwys, rykdomme en politieke invloed is ook geïdentifiseer, wat gelei het tot verdere protes deur die gemeenskap. Gedurende die laat Middeleeue het die mens ook 'n hernude belangstelling begin toon in die godsdienste. Die Hervormingstydperk is gekenmerk deur ondersoek van die Bybel asook die terugkeer na apostoliese eenvoud (Van den Bergh, 1983:313 en 316).

Die oorsake van die Hervorming kan toegeskryf word aan die wantoestande wat daar gedurende die Middeleeue geheers het op kerklike, godsdienstige, staatkundige en maatskaplike gebied (Van der Walt, 1988:144).

Die geskiedenis van Europa word gekarakteriseer deur die opvoedingdoelstellings van die suidelike en noordelike Europese lande. Opvoedende onderwys in die suide was streng beperk tot die geestelikes, die adellikes en die ryk burgerlikes, terwyl die noorde meer 'n volksoopvoedende karakter aangeneem het (Coetzee, 1958a:165).

Hoewel die Renaissance en die Hervormingstydperk in Duitsland en ander Germaanse lande soos Nederland en Engeland feitlik saamgeval het, gaan aandag geskenk word aan die Hervormingstydperk. Die rede vir die werkswyse is dat die reformatories opvoedkundige gedagtes soos 'n goue draad in die Suid-Afrikaanse opvoedingsgeskiedenis ingevleg is (Pistorius, 1978:124).

Die Renaissance wat in Frans “her- of wedergeboorte” beteken het noord van die Alpe eers teen die einde van die vyftiende eeu tot bloei gekom terwyl die Italiaansie Renaissance reeds in die begin van die vyftiende eeu in volle swang was (De Klerk *et al.*, 1977:59).

Tydens die Hervorming het 'n nuwe lewenstruktuur na vore gekom en is opvoedende onderwys uit 'n totaal ander oogpunt benader as wat die geval by die Humaniste sowel as die Rooms-Katolieke Kerk was. Met die koms van die Humanisme (1400) het daar 'n ommekeer in die mens se lewensopvatting plaasgevind. Die Humaniste het die mens as middelpunt gestel en dit het sodoende gegaan oor die verheerliking van die mens. Volgens die Rooms-Katolieke beskouing neem die kerk die sentrale plek by die opvoedende onderwys in. By die Hervorming gaan dit egter om God en die opvoeding van die mens tot kennis en liefde van God (Van Vuuren, 1976:231).

Martin Luther (1483-1546), Duitse priester en dosent in die filosofie, was die inleier van die hervorming. Luther was nie slegs 'n hervormer van kerk en godsdiens nie maar ook van die skool en opvoedende onderwys. Hierdie briljante persoon met hoogstaande maatstawwe het by implikasie ouerbetrokkenheid beskou vanuit 'n oogpunt van die Protestantse beskawing om die hele Bybel in die hand van die ouer te lê (Pistorius, 1978:127). Omdat Luther 'n invloed uitgeoefen het op die opvoedende onderwys van die Hervormingstydperk en daarna, word aandag aan sy gedagterigtings gegee.

Johannes Calvyn (1509-1564) wat ingelyks verreikende invloed op die opvoedende onderwys uitgeoefen het, word ook betrek om die navorsingsprobleem te belig. Hoewel Calvyn nie veel oor die onderwys as sodanig geskryf het nie, kan hy beskou word as die grondlegger van die latere reformatories-Christelike onderwysfilosofie. Die invloed van Calvyn is ook uitgedra na Suid-Afrika waar dit groot invloed uitgeoefen het op die opvoedende onderwys (Pistorius, 1978:130; Van Vuuren, 1976:248).

3.6.2 Onvoorwaardelike aanvaarding

Al was daar bewyse dat die ouers gedurende die Hervormingstydperk sagter begin optree het teenoor hul kinders in die noordelike lande, kan duidelike bewyse nie gevind word

dat die ouers hulle kinders onvoorwaardelik aanvaar het as individue nie. Gemeet aan die hedendaagse standarde het die ouers van die Hervormingstydperk die individualiteit en selfrespek van die kinders nie so hoog geag soos in die moderne tyd nie. 'n Sigbare gesindheidsverandering ten opsigte van die onvoorwaardelike aanvaarding van die kind was duidelik waarneembaar in die sagter tug wat toegepas is (Goodsell, 1915:285; Pistorius, 1978:135).

Die wete het by die ouers begin posvat dat hulle kinders sekere talente en moontlikhede besit. Veral die dogters se individuele talente moes volgens die ouers ontgin word. Hierdie siening is veral deur die Engelse ouers gedeel (Goodsell, 1915:288).

Luther het verder hierop uitgebrei deur die ouers daarop te wys dat hulle hul kinders as individue moes aanvaar. Die ouers moes aan hulle kinders opvoedende onderwys verskaf in ooreenstemming met die talente wat die kinders ontvang het (Goodsell, 1915:284).

Luther het gepleit dat niemand 'n ouer mag word nie voordat hy eers bevoeg was om sy kinders in die Tien Gebooie en in die Evangelie te onderrig. Die kind moes 'n ware Christen word en daarvoor moes hy as mens aanvaar word. Luther het op sy eie vraag hoekom kinders deur volwassenes opgevoed moes word, geantwoord dat God dit so beveel het (Meyer, 1975:92).

Vir Luther was die bereiking van verantwoordelike volwassenheid, om 'n ware Christen te wees. Volgens Luther is die steun en aanvaarding van die ouer onontbeerlik vir sy kind wat daartoe aanleiding sou gee dat die kind tot die besef gebring sou word wat sy toekomstige volwassenheid inhou (Brubacher, 1966:349).

Luther se ideaal dat daar geen diskriminasie tussen individuele kinders mag plaasvind ten opsigte van hulle opvoedende onderwys nie, is deur Richard Mulcaster (1530-1611) onderskryf. Deur gelyke geleenthede vir almal te skep, is die aanvaarding van die kind as mens beklemtoon (Curtis *et al.*, 1970:147).

Ook Calvyn (1509-1564) het klem gelê op elke individu se vryheid en op sy reg tot opvoedende onderwys. Volgens Calvyn, wat die gesin as kern van die opvoeding beskou het, moes die ouers hul kinders as individue aanvaar en lei tot liefde vir God en sy naaste (Pistorius, 1978:131).

3.6.3 Beskikbaarheid van die ouer

Sommige ouers van die Hervormingstydperk het aan hulle kinders by die huis 'n praktiese opleiding verskaf in kuns en handwerk. Dit blyk dat die beskikbaarheid van die ouers om hulle kinders by die huis te onderrig, 'n wyse was om die kinders van die skool weg te hou omdat hulle nie saamgestem het met die skool se metodes van onderwys nie (Eby, 1952:74).

Veral die ouers in Duitsland het die belangrikheid van gesinsopvoeding begin besef. Hulle het hulself beskikbaar gestel om hulle kinders godsdienstig en moreel op te voed. Hulle het hul kinders persoonlik op Sondag eredienste toe geneem (Janssen, 1905:31).

Dit blyk dat dit praktyk in Engeland was dat seuns uit die werkende klas weggestuur is uit hulle huise na ander gesinne waar hul toekoms beter lyk. Die afleiding kan gemaak word dat die ouers nie vir hulle eie seuns beskikbaar was om aan hulle die nodige opvoedende onderwys te verskaf nie (Goodsell, 1915:287).

Luther was van mening dat die seun 'n uur of twee per dag skool toe moes gaan en die res van die dag by die huis ter voorbereiding van 'n ambag moes deurbring. Ook moes hy by die huis bly sodat hy kon leer om aan die eise wat die huis en die gemeenskap aan hom stel te voldoen. Selfs die dogter moes opgevoed word. Luther se oogmerk was in die eerste plek nie gerig op volksonderwys nie maar meer op kategetiese onderrig (Meyer, 1975:93). Die ouers van die tydperk moes hulself beskikbaar stel om aandag aan die kind se opvoedende onderrig te skenk.

Luther was nie net 'n man van woorde nie, maar het die daad by die woord gevoeg deur vir sy eie kinders as vader beskikbaar te wees om hulle te lei en te stuur op weg na gebalanseerde volwassenheid (Meyer, 1975:94).

Volgens Calvyn (1509-1564) het die ouer 'n plig om die kind op te lei tot liefde vir God en sy naaste. Vir Calvyn is die gesin die kern van die opvoeding omdat die kind godsdienstige leiding ontvang en deug daardeur gekweek word (Pistorius, 1978:131). Volgens Calvyn moes die ouer beskikbaar wees om die deugde aan die kind oor te dra.

3.6.4 Skep van geborgenheidsruimte

Die kinders uit die Hervormingstydperk het vir slegs die eerste sewe jaar die geborgenheid van die huis gesmaak. In Engeland is die kinders vir die daaropvolgende sewe tot nege

jaar in vreemde huise voorberei vir sekere beroepe (vergelyk paragraaf 6.3). Die kinders moes aan die eise wat die huis en gemeenskap aan hulle gestel het voldoen en sodoende het sommige kinders na hul sewende jaar ongeborge grootword. (Goodsell, 1915:288).

Gedurende die Hervormingstydperk het die ouers in Duitsland weer godsdiens die anker van die huisopvoeding gemaak wat 'n gunstige klimaat gekweek het dat ouers 'n geborgenheidsruimte vir die kinders kon skep. Ouers en onderwysers moes in die Hervormingstydperk gesamentlik die kinders deur opvoedende onderwys lei tot die ewebeeld van God, dus tot Godsvrug, Godskennis en Godsaligheid (Coetzee, 1970:185).

Volgens Luther het elke vader en moeder 'n heilige roeping om te vervul in die opvoeding en derhalwe moet die gesinslewe nooit verontagsaam word nie. Die ouers moes die Woord van God aan hulle kinders oordra sodat ook God se liefde in die gesin weerspieël word. Net soos die aardse vader sy seun liefhet, so het God sy "kinders" lief en dra dit die geborgenheidsgevoel in die huisgesin uit (Coetzee, 1958a:183).

Calvyn was ook van mening dat dit die ouers se verantwoordelikheid en plig was om hul kinders te lei tot liefde vir God en sy naaste. Dit is ook vir Calvyn die kern van die opvoedende onderwys om 'n geborgenheidsruimte vir die kinders te skep (Pistorius, 1978:131).

3.6.5 Die ouer as kultuurdraer

Veranderinge soos die instelling van volksonderwys om die belange van die staat en kerk te bevorder het gedurende die Hervormingstydperk plaasgevind. Dit kon daartoe aanleiding gee dat die ouers nie meer so betrokke geraak het by die kultuuroordrag van hulle kinders nie. Die veranderde omstandighede van volksonderwys het meegebring dat moedertaal in die plek van Latyn gebesig is (Eby, 1952:135).

Gedurende die Hervormingstydperk het die moeder 'n groot rol vervul as kultuurdraer. Sy het haar kinders van kindsbeen af gevorm ten opsigte van hulle moedertaal, godsdiens en morele opvoeding (Goodsell, 1915:282).

In 1498 was daar in Duitsland al handboeke vir die ouers beskikbaar oor hoe om hulle kinders op te voed. Die advies aan die ouers was om hul kinders Christelik op te voed. Die moeders moes hul kinders met liefde leer om te bid. As kultuurdraers was die vaders en moeders veronderstel om as voorbeeld te dien vir hulle kinders ten opsigte van hulle kerkbywoning (Janssen, 1905:31).

Luther het die ouers tydens die Hervormingstydperk gewaarsku teen die verwaarlosing van opvoedende onderwys van die kinders in die huis. Hy verklaar verder dat geen man 'n vader kan word indien hy nie bekwaam is om sy kind te onderrig in die Tien Gebooie en Geloofbelydenis nie. 'n Vader moes as familiehoof die grondslag gelê het vir sy kinders se Christelike opvoeding. Slegs dan tree hy op as opvoeder en kultuurdraer (Painter, 1928:109).

Volgens Calvyn se lewensbeskouing van 'n doelbewuste strewe na 'n eie, ware God-verheerlikende opvoeding moes die ouers van die Hervormingstydperk hul kinders tuis onderrig in die Kategismus. Hy was van mening dat dit die ouers se verantwoordelikheid was om as kultuurdraers die religieuse aan hulle kinders oor te dra om hulle sodoende te beïnvloed (Coetzee, 1958a:186).

3.6.6 Evaluering

Uit die navorsing oor die historiese verloop van ouerbetrokkenheid blyk dit dat die Hervormingstydperk 'n tydperk was waar weggebreek is van die Roomse kerkgesag. Die skool het egter onder die beheer van die kerk gebly. Dit het verreikende gevolge vir die opvoedende onderwys ingehou. Gedurende die Hervormingstydperk het daar 'n weerstand teen die skool se opvoedende onderwys ontstaan. Dit het die ouers meer geneë gemaak om hulself beskikbaar te stel vir hul kinders se opvoedende onderwys (Coetzee, 1958a:188).

In die noordelike lande het die ouers nie meer so hard teenoor hulle kinders opgetree nie. Veral in Engeland het die ouers hul kinders se individualiteit en uniekheid as mense begin raaksien en ook daarvolgens hulle hulpbehoewende kinders aanvaar.

Twee teenstrydighede het in Duitsland en Engeland voorgekom ten opsigte van die ouers se beskikbaarheid om hulle kinders opvoedend te onderwys. In Duitsland het die ouers die belangrikheid van gesinsopvoeding begin beseef en daarvolgens hulself beskikbaar gestel om persoonlik hulle kinders in die godsdienst en eredienste by te staan, terwyl daar in Engeland kinders "uitgeruil" is om opgevoed te word.

Gedurende die Hervormingstydperk was omstandighede nie gunstig vir die skep van 'n geborgenheidsruimte deur die ouers nie, omdat die kinders na hul sewende jaar nie meer in die huis was nie. Slegs die eerste sewe jaar was werklik vir die kind beskore om in geborgenheid opvoedende onderwys te ontvang.

Al was volksonderwys aan die orde van die dag, het die moeder tog vir die eerste sewe jaar haar kinders hul moedertaal aangeleer en sodoende as kultuurdraer opgetree.

Kampvegters vir godsdiensvryheid soos Luther en Calvyn het 'n belangrike rol in die Hervorming sowel as in die tydperke daarna gespeel. Luther het duidelike riglyne aan die ouers gegee oor wat van hulle verwag word by die opvoedende onderwys van hulle kinders. Selfs Calvyn het die gesin gesien as die kern van die opvoeding.

As gevolg van die Protestantse Hervorming het die samelewingsverbande soos die gesin, staat en kerk meer prominente plekke gekry in die opvoedende onderwys van die kind. Hoewel die Kerk in die praktyk die plaaslike beheer uitgeoefen het, het staatsteun stadigaan begin toeneem (Van Vuuren, 1976:250).

Buiten Luther en Calvyn se bydraes gedurende die Hervormingstydperk, is daar nie baie gewag gemaak van die ouer se betrokkenheid by sy kind se opvoedende onderwys nie.

3.7 SAMEVATTENDE EVALUERING

In hierdie hoofstuk is aandag geskenk aan die historiese momente by wyse van eksemplaarmodelle wat die aard en verloop van ouerbetrokkenheid in sekere tydperke illustreer.

Die doel met die oopdekking en bevraging van die verlede is om antwoorde te vind rondom die huidige vraagstukke ten opsigte van ouerbetrokkenheid in die opvoedende onderwys van hulle kinders. Die insigte wat blootgelê word kan daartoe lei dat dit met vrug aangewend word ter bevordering van kontemporêre en toekomstige ouerbetrokkenheid.

Die Griekse kultuur en opvattinge ten opsigte van opvoedende onderwys is gekenmerk deur die dominerende invloed wat die staat daarop uitgeoefen het. Sparta, die totalitêre staat, en Athene met sy demokratiese regeringsvorm, was met hul kontrasterende opvoedingsisteme die leiers op die gebied van die opvoeding onder die Grieke (vergelyk 3.2.2).

Alhoewel die Atheense gesinsopvoeding meer gebalanseerd was as dié van die Spartane, is die diens aan die staat by hulle vooropgestel. Die individu en die gesin het in Athene meer vryhede geniet as in Sparta. Deur die meer geborge lewe en hegte gesinsbande in Athene het die kind se opvoedende onderwys meer tot sy reg gekom (vergelyk 3.2.4).

Die ouerbetrokkenheid van die Spartane en Atheners in hulle kinders se opvoedende onderwys het wesenlik van mekaar verskil. Die Spartaanse ouers was sterk deur openbare aktiwiteite beïnvloed en veral die vader met sy militêre aktiwiteite was nie geredelik beskikbaar vir die kind se opvoedende onderwys nie. Daarteenoor was die moeder by die Atheense opvoedende onderwys die spil waarom die opvoeding gedraai het. Omdat sy tot die huis beperk was, was sy vir die eerste sewe jaar tot die kind se beskikking (vergelyk 3.2.3).

'n Kenmerk van die Griekse ouers was dat die vader en moeder by die Atheners sowel as die Spartane as kultuurdraers opgetree het, maar slegs tot die sewende jaar van die seun se opvoedende onderwys, terwyl die dogter se opvoeding voortgegaan het tot haar huwelik. Die ouers het dus 'n belangrike invloed deur middel van kultuuroordrag op die opvoedende onderwys van hulle kinders uitgeoefen (vergelyk 3.2.5).

Werke van wysgere soos Plato en Sokrates kan moeilik oorskat word. Nie alleen het hulle die Griekse volk van die dwaalleringe van die sofiste weggelei nie, maar hulle het ook 'n "hoogste goed", 'n transendente mag of 'n metafisiese wêreld onderskei wat 'n nuwe strewende in die Griek geplaas het. Plato het by implikasie die ouers weer bewus gemaak van die feit dat opvoedende onderwys in die eerste plek gegaan het om die kind, ooreenkomstig sy aanleg en begaafdhede, te bring tot die kennis van die hoogste goed, naamlik die deug. Plato het egter ook geglo dat opvoedende onderwys van die kind deur die staat moes geskied (vergelyk 3.2.6).

In teenstelling met die Griekse opvoeding het die van die Romeine meestal 'n praktiese veelsydigheid geopenbaar. Aanvanklik was die Romeinse opvoeding 'n familieaangeleentheid, waar daar veral op beroeps- en militêre opleiding gekonsentreer is. Die staat het die opvoedende onderwys in die hande van die ouers gelaat wat hulle kinders volgens die Romeinse tradisie aanvaar en ook opvoedend onderwys het. In die tydperk was die moeder weer eens die primêre opvoeder van haar kinders, want dit was vir haar 'n eer om haarself beskikbaar te stel vir haar kinders se opvoedende onderwys (vergelyk 3.3.2 en 3.3.3).

Na die ineenstorting van die Romeinse opvoeding het die Griekse invloed op die Romeinse opvoeding sterker geword. Skole het tot stand gekom en meer aandag is geskenk aan literêre en verstandelike vorming asook goeie taalbeheersing. Die ouers het hier die neiging begin toon om hulle verantwoordelikhede aan die bediendes en onderwysers oor te dra. Tog was die ouers nie algeheel onbetrokke by hulle kinders se opvoedende onderwys nie,

want die vader het as gesagsfiguur behoue gebly en was hoofsaaklik die kultuurdraer van die gesin, maar die moeder het hom getrou bygestaan (vergelyk 3.3.5).

Die laksheid wat by die ouers ingetree het gedurende die vervaltyd van die Romeinse opvoeding in omstreeks 530 n.C. kan toegeskryf word daaraan dat die skole beter toegerus was vir die opvoedende onderwys van die kinders (vergelyk paragraaf 3.3.1). Die liefdevolle ouers wat voor die vervaltydperk 'n geborgenheidsruimte vir hulle kinders geskep het, het begin plek maak vir onbetrokke ouers (vergelyk 3.3.4).

Standpunte van persone soos Cicero en Quintilianus het 'n bepaalde invloed op die opvoedingsteorie en -praktyk van die Middeleeue asook die moderne wêreld uitgeoefen. Onder andere het Quintilianus se sielkundige benadering van die kind latere opvoedkundiges soos Pestalozzi en Dewey sterk beïnvloed. Quintilianus het opvoedende onderwys slegs tot seuns van die adellike afkoms beperk (vergelyk 3.3.6).

Op sy beurt was die vroeë Christene se groot strewe om die mens op te voed tot die versoening met sy Hemelse Vader nou en in die Hiernamaals. Die ouers het hulle kinders as goddelike seënlinge van die huwelik beskou en daarom het hulle hul kinders aanvaar om sodoende teenoor God verantwoording te doen (vergelyk 3.4.2).

Na die eerste sewe jaar het die vader en moeder hulself respektiewelik vir die seun en dogter se opvoedende onderwys beskikbaar gestel. Hulle het ook 'n klimaat geskep waarin hulle kinders geborge kon voel en sodoende kon hulle kinders se opvoedende onderwys gedy (vergelyk 3.4.3 en 3.4.4).

Augustinus, wat 'n aanhanger van Plato se ideëleer was, het ook 'n invloed op die vroeë Christelike tydperk uitgeoefen. Tog het Augustinus van Plato verskil. Die verskil was daarin geleë dat Plato 'n heidense en Augustinus 'n Christelike ideaal nagestreef het. Albei wou opvoed tot deug. By Plato was die deug geleë in die heerskappy van die verstand oor menslike strewe terwyl Augustinus deug as die volmaakte liefde tot God nagestreef het. Ten spyte van Augustinus se poging, kom die dualistiese siening van natuur en genade, waarvan hy hom nie kon losmaak nie, sterk na vore (vergelyk 3.4.6).

Die vroeë Christene se opvoedende onderwys het stukrag gekry uit Jesus Christus se omwandering op aarde. Die doel van Jesus se lewe op aarde was die volbringings van die wet van die Vader tot Sy eer en tot die mens se saligheid. Jesus het hierdie doel van opvoedende onderwys aan die ouers oorgedra. Deur Jesus se voorbeeld en voorlewing is

die ouers bewus gemaak van die noodsaaklikheid van ouerbetrokkenheid by hul kinders se godsdienstige en sedelike opvoedende onderwys (vergelyk 3.4.5).

Tydens die Middeleeue het onvoorwaardelike aanvaarding van die kind bykans nie bestaan nie. Die ouers het hulle kinders eers aanvaar as hulle soos volwassenes selfstandig kon optree. Hierdie miskennis van die kind deur die ouers kan toegeskryf word aan die druk van die gemeenskap om eers die kind te aanvaar as daar van die kinderbestaan afstand gedoen is (vergelyk 3.5.2).

Die seuns en dogters het nie dieselfde mate van geborgenheid gesmaak in die huis nie. Weer eens kan die lewensomstandighede beskou word as die oorsaak daarvan omdat die seuns opgelei moes word as soldate (ridders) en die dogters meestal as huisvrouens. Omdat tye van oorloë en geweld aan die orde van die dag was en die seun vanaf sy sewende jaar na 'n hofskool gestuur is, was die vader nie beskikbaar sodat hy sy seun kon bystaan in sy opvoedende onderwys nie (vergelyk 3.5.3 en 3.5.4).

Gedurende die Middeleeue was die moeder die grootste kultuurdraer in die huisgesin omdat sy altyd beskikbaar was in die huis om byvoorbeeld aandag te skenk aan die kinders se godsdienste en goeie sedes. Weer eens was die seuns uitgeskakel na hulle sewende jaar omdat hulle in die kloosters opvoedende onderwys ontvang het (vergelyk 3.5.5).

Die invloed wat Gerson op die Middeleeuse tydperk uitgeoefen het, kan nie te gering geskat word nie. Gedurende die vyftiende eeu het baie ouers weer teruggekeer na 'n hoogstaande sedelike lewe deur ware vroomheid. Die geestelike lewe van die volk is ook deur Gerson se toedoen opgehef, wat weer op sy beurt daartoe aanleiding gegee het dat die ouers meer betrokke geraak het by hulle kinders se opvoedende onderwys (vergelyk 3.5.6).

Gedurende die Middeleeue het Karel die Grote die plek van die ouer in die kind se opvoeding weer gevestig. Deur sy toedoen het daar 'n herlewing plaasgevind in die onderwys, handel en nywerheid. Die kerklike invloed en beheer van die onderwys het langamerhand verdwyn en die onderwys het meer sekulêr geword (vergelyk 3.5.6).

Die Hervorming het 'n nuwe lewenstruktuur na vore laat tree en die opvoedende onderwys is vanuit 'n ander oogpunt benader as wat die geval gedurende die Middeleeue was. By die Hervorming het die opvoeding gegaan oor God en die opvoeding van die mens tot kennis en liefde tot God (vergelyk 3.6.6).

Die Hervormingstydperk het ook hervorming ten opsigte van die opvoedende onderwys teweeg gebring. In die Germaanse lande was almal nie eenvormig ten opsigte van opvoe-

dende onderwys nie maar die bewyse was daar dat die ouers hulle kinders as unieke individue aanvaar het (vergelyk 3.6.2).

Die ouers in Duitsland het in teenstelling met hulle eweknie in Engeland hulself meer tot die beskikking van hulle kinders se opvoedende onderwys gestel. Waar die Duitse ouers by hulle kinders was om hulle persoonlik eredienste toe te neem, het die Engelse ouers hulle kinders weggestuur uit die huis om by 'n ander gesin opvoedend onderwys te word (vergelyk 3.6.3).

Gedurende die Hervormingstydperk het die ouers slegs vir die eerste sewe jaar vir hulle kinders 'n geborgenheidsruimte geskep want daarna was die kind nie meer in sy eie ouerhuis woonagtig nie. In die ouerhuis het die moeder haar laat geld as kultuurdraer omdat sy grotendeels by die huis was om aan haar kinders hul moedertaal en ander tradisies oor te dra (vergelyk 3.6.4 en 3.6.5).

Luther wat 'n baanbreker van die Hervorming was het van die standpunt uitgegaan dat die opvoeding deur die ouers die volk se lewenskrag vorm; die vader en moeder het 'n heilige roeping om in die opvoeding te vervul, daarom moes die gesinslewe nooit verontagsaam word nie. Calvyn se bydrae tot die Hervorming was ook gefundeer op die opvoeding wat gerig was op die Woord van God (vergelyk 3.6.6).

Die historiese waarneming wat die aard en verloop van ouerbetrokkenheid in sekere tydperke illustreer, dui daarop dat dit bydraes gelewer het tot die opvoedende onderwys van die kinders. Die verskillende tydperke is gekenmerk deur ouerbetrokkenheid eie aan die lewensopvatting van die bepaalde tydperk. Dit is wel so dat ouers nie altyd die aandeel wat in die opvoedende onderwys aan hulle toegeken is ten volle benut het nie. Die ouers is dikwels van onbetrokkenheid beskuldig. Dit is moontlik dat kerklike, politieke en ekonomiese toestande 'n rol hierin gespeel het.

Die bydraes van die filosowe en opvoedkundiges was moontlik nie so duidelik sigbaar gedurende die tydperk waarin hulle gelewe het nie, maar die invloed daarvan het in die daaropvolgende tydperke sigbaar geword.

In hoofstuk 4 gaan aandag geskenk word aan die historiese verloop van ouerbetrokkenheid by die Amerikaanse opvoedende onderwys. Die tydperk in Amerika word ondersoek omdat dit aansluiting vind by die vorige tydperke en omdat Amerika net soos Suid-Afrika nou bande gehad het met 'n land soos Engeland.